WAAROM IS JULLE SO BANG?

[Deel 1 | **STORM*STERK***]

SKRIFLESING Mark. 4:35-41
TEKSVERS Soos gelees

- Beleef jy miskien op die oomblik 'n storm? Of dalk ken jy iemand wat deur 'n storm gaan. Storms kan verwoestend wees en los dikwels dinge in puin. Voel dit dalk vir jou of God ver weg is, en jy weet nie hoe om hierdie emosies te hanteer nie? Vriende, ons kan eerlik gesels oor die dinge wat ons stormloop, en dit noem vir wat dit is. Die vraag is: Hoe bly 'n mens sterk in die storm, ja, hoe bly jy stormsterk?

1. Gehoorsaamheid vrywaar ons nie teen storms nie

- Mark. 4:35
- Die eerste gedagte waarby ek wil stilstaan is dat gehoorsaamheid ons nie teen storms vrywaar nie.
- Die ander kant na waarheen hulle oorgevaar het was na Gádara (Mark. 5:1), en hulle het vanaf die kant van Kapernaum, aan die oewer van die see van Galilea, daarheen oorgevaar. Merk julle dit op: Jesus het vir sy dissipels 'n opdrag gegee. Hulle het die opdrag gehoorsaam.
- Wanneer ons lees dat hulle Jesus "net soos Hy was" met hulle saamgeneem het, moet ons verstaan dat Jesus moeg en uitgeput was. Geen wonder dat Jesus dadelik gaan lê het om te rus nie (Mark. 4:38), en terwyl hulle besig was om te seil aan die slaap geraak het nie (Luk. 8:23).
- En dan gebeur dit - Mark. 4:37.
- Dit was 'n woeste storm, so erg dat hulle vir hulle lewens gevrees het.
- Vriende, hier is wat ons moet raaksien: Hulle voer 'n opdrag van Jesus uit, en ten spyte daarvan bevind hulle hulself in 'n storm.
- Miskien is dit waar jy jouself tans bevind: Jy weet dat jy gehoorsaam was; jy weet dat jy die regte ding doen/gedoen het; jy weet dat jy die regte besluit geneem het - EN NOGTANS beleef jy 'n storm wat so erg is dat jy wonder of jy dit gaan maak?!

2. Sterk storms en 'n Stormsterk Jesus

- Mark. 4:38
- Wanneer ek hierdie vers lees dan klink dit nie vir my asof die dissipels net bang was nie, dit klink vir my duidelik asof hulle die Here verwyt het. Hulle was deur vrees oorweldig en het perspektief verloor - en toe sê hulle wat in hulle harte aangaan.
- Vir 'n oomblik het hulle vergeet wat Jesus al alles gedoen en geleer het. Vir 'n oomblik het hulle vergeet dat Jesus se opdrag lewegewende inhoud gehad het, want Hy het die bestemming duidelik gemaak dat hulle na die oorkant moes oorvaar, maar in die storm het hulle visie en koers verloor.

- Dan tree Jesus op - Mark. 4:39
- 'n Sterk storm word gestuit deur 'n stormsterk Jesus!
- Die manier waarop Jesus die wind en die see aangespreek het was kenmerkend van hoe Hy duiwels uitgedryf het; soos ons byvoorbeeld in Mark. 1:25 lees toe Jesus die besetene in Kapérnaüm bevry het.
- Jesus het dus bose magte agter hierdie storm geïdentifiseer ... Jesus was op pad na die land van die Gadaréners, en daar het Hy 'n duiwelbesetene bevry (Mark 5:1-20)
- Dit het Jesus beslis nie in sy voorneme gestuit nie.

3. **Jesus praat mooi met sy dissipels**

- Die deernis van Jesus is kosbaar - Mark. 4:40
- Jesus het die storm beveel, maar sy dissipels gevra.
- Jesus werk anders met stormgeteisterde mense.
- Jesus het nie geaarsel om die probleem van hulle gebrekkige geloof of kleingeloof aan te spreek nie, maar Hy het dit op 'n waardige wyse gedoen.
- Vir my is dit soos wanneer ek wil begin moed verloor omdat die uitdagings groot is; en ek dan die Woord van die Here begin lees, of my aan sy beloftes herinner - dat ek Jesus se bemoedigende Stem hoor.
- Deur die Woord van die Here maak Hy ons stormsterk, en herinner Hy ons aan Wie Hy is - ten spyte van die storm.

TEN SLOTTE ...

- Toe Jesus die storm tot bedaring beveel het, het verbasing die dissipels aangegryp - Mark. 4:41]
- Ps. 89:10
- En dan vra hulle in verwondering voor die verbysterende grootheid van sy krag: **WIE IS HY TOG?!**
- Ex. 15:11
- Wie is Hy tog?!
- Vandag wil ek julle bemoedig: Wanneer jy deur 'n sterk storm gaan - onthou wie Jesus is! Onthou wat Hy al vir jou gedoen het.
- Wanneer jy onthou wie Jesus is - sal jou loflied weerklink - dit is die getuienis van die kinders van die Here wat stormsterk is.

PHILIP DE JAGER
Leef die Woord, 09/03/2025
2025/09

Bronnelys

Grassmick. 1983. Mark, in J.F. Walvoord & R.B. Zuck (eds.). *The Bible Knowledge commentary: An exposition of the Scriptures by Dallas Seminary Faculty. New Testament.*, USA: SP Publications, Inc.
Hendriksen, W. 1975. *The New Testament Commentary: The Gospel of Mark*. Great Britain: The Banner of Truth Trust.
Wiersbe, W.W. 1989. *The Bible Exposition Commentary, Vol 1.* Wheaton, Illinois: Victor Books.